basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING 2023

GRAAD 9

Vak: Skeppende Kunste

Vraestel: Dans

Punte: 50

Duur: 60 minute

15 minute leestyd **uitgesluit**

VOORBEELD VRAESTEL

Hierdie toets bestaan uit 14 bladsye, uitgesonderd die voorblad

Instruksies aan die leerder

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees jou vrae aandagtig deur voordat jy antwoord.
3. Beantwoord alle vrae.
4. Skryf al jou antwoorde op die antwoordblad.

Die toets begin op die volgende bladsy.

VOORBEELDVRAESTEL

Moenie begin skryf voordat u aangesê word om dit te doen nie.

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord uit die opsies gegee. Skryf slegs die regte letter neer.

Gebruik die teks hieronder om vrae 1.1 tot 1.3 te beantwoord.

Dans vereis dat elke danser gedissiplineerd moet wees. Daar word van leerders verwag om danskonvensies te volg wat hul sal help om gedissiplineerde, professionele dansers te wees. Die konvensies sluit die belangrikheid van opwarmings- en afkoeloefeninge in.

1.1 Watter sin is die beste beskrywing van danskonvensies?

A oefeninge wat ons altyd in die dansklas doen
B danstegnieke en vaardigheidsontwikkeling
C verwagte gedrag van hoe dansers moet optree
D lei leerders om mekaar nie te respekteer nie (1)

1.2 Wat is die belangrikheid van opwarming in ‘n dansklas?

A om die spiere en die gewrigte onbuigsaam te maak
B om die spiere voor te berei om harder as normaal te werk
C om bloedvloei in die spiere te verminder
D om die liggaam af te koel nadat jy gedans het (1)

1.3 Wat is die belangrikheid van afkoeling na 'n kragtige of strawwe aktiwiteit?

A om bloedvloei te verminder en hartklop te verlaag
B om dadelik op te hou dans en rus
C om geleidelik die hartklop en asemhaling terug te bring na normaal
D om nog 'n dansroetine te begin oefen (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.4 Wanneer beenbewegings gedoen word terwyl jy staan, na watter been word verwys as die ondersteunende een?

A die been waarop jy staan
B die been wat beweeg
C die twee bene waarop jy staan
D die twee bene waarmee jy dans (1)

1.5 Watter oefeninge bou stamina?

A liggaamsdeel isolasies
B armswaaie
C nie-lokomotoriese bewegings
D lugbewegings (1)

1.6 As 'n kort, vinnige dansreeks / -sekwens geskep word, aan watter besonderhede moet jy aandag gee?

A die bewegings van die voete en arms
B stappe, ritme, rigting, posisie en die stemming
C kostuums en rekwisiete
D gebruik van willekeurige danspassies (1)

VOORBEELD VRAESTEL

Gebruik die stelling en die afdruk hieronder om vrae 1.7 tot 1.10 te beantwoord.

Behoorlike liggaamsbelyning en postuur is noodsaaklik vir dansers, aangesien dit hul meer elegant en selfversekerd laat lyk. Die afdruk hieronder toon postuur en belyning aan:

[Bron: https://th.bing.com/th/id/R.331932ccbd23fc0ae3129dd20a311548?rik=t4d6u2HC3]

1.7 Waarna verwys belyning?

A hou die liggaam gebalanseerd met behoorlike postuur
B die beweging van slegs die bolyf
C die uitdrukking van emosies deur beweging van die liggaamsdele
D die behoorlike posisionering van die liggaam in verhouding tot die beweging wat uitgevoer word (1)

1.8 Watter stelling beskryf die belangrikheid van belyning die beste?

A handhawing van wanbalans en stabiliteit
B handhawing van balans en onstabiliteit
C handhawing van wanbalans en onstabiliteit
D handhawing van balans en stabiliteit (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.9 Waarom is korrekte postuur belangrik in dans?

A Dit help die dansers om choreografie makliker te onthou.
B Dit help die danser om deur bewegings emosies uit te druk op die verhoog.
C Dit help om beserings te voorkom en maak voorsiening vir ‘n groter verskeidenheid bewegings.
D Dit help die danser om langer en meer selfversekerd op die verhoog te verskyn. (1)

1.10 Wat is 'n algemene teken van **verkeerde** postuur?

A reguit ruggraat
B geronde skouers
C ontspanne skouers
D voete skouers-breedte uitmekaar (1)

1.11 Wat behels dit om ‘n dans te bemeester?

A verstaan slegs die musiek
B beoefen fisiese vaardighede, choreografie en musikaliteit
C fokus slegs op fisieke vaardighede
D fokus slegs op die choreografie (1)

1.12 Waarna verwys aandag aan detail, in dans?

A die vermoë om choreografie vinnig te memoriseer
B die vermoë om moeilike danspassies uit te over
C die vermoë om op tegniese aspekte van dans te fokus
D die vermoë om nuwe bewegings te improviseer en te skep (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.13 Waarom is dit belangrik om in dans aandag aan detail te gee?

A Dit stel dansers in staat om presiese bewegings met akkuraatheid en ondersteuning uit te voer.
B Dit stel dansers in staat om unieke bewegings te improviseer en te skep.
C Dit help die dansers om choreografie te onthou en in harmonie met ander op te tree.
D Dit stel die dansers in staat om met emosie en passie op te tree. (1)

1.14 ‘Koördinasie is 'n noodsaaklike vaardigheid in dans’.
Watter stelling is die mees korrekte?

A Koördinasie is nie belangrik in dans nie.
B Koördinasie is slegs belangrik in sekere soorte dans.
C Koördinasie is belangrik in alle soorte dans.
D Koördinasie is belangrik slegs vir die hoofdanser. (1)

1.15 Watter van die volgende stellings beskryf ‘liggaamsdeel-isolasie’ die beste?

A Beweeg die hele liggaam in vloeiende en deurlopende bewegings.
B Beweeg verskeie liggaamsdele op dieselfde tyd.
C Beweeg een deel van jou liggaam terwyl die res nie beweeg nie
D Beweeg twee liggaamsdele terwyl die res nie beweeg nie (1)

1.16 Waarna verwys choreografie?

A 'n dansloopbaan
B iemand wat danspassies onderrig
C 'n tipe musiek of genre
D 'n danskomposisie (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.17 Waarna verwys lokomotoriese bewegings?

A bewegings wat oor die ruimte beweeg
B bewegings wat die liggaam hoog in die lug neem
C bewegings wat die liggaam in dieselfde ruimte hou
D bewegings wat van tyd tot tyd verander (1)

1.18 Wat noem ons die spoed van die musiek?

A vlakke
B tempo
C musikaliteit
D orkes (1)

1.19 Noemdie korrekte elemente van dans.

A energie, musiek en ruimte
B ritme, harmonie en melodie
C ruimte, tyd en krag
D tyd, rekwisiete en energie (1)

1.20 Wat is die verskil tussen eie ruimte en gedeelde (algemene) ruimte in dans?

A Eie ruimte is die gebied waar die danser alleen optree, terwyl gedeelde ruimte die gebied is waar dansers saam in 'n groep optree.
B Eie ruimte is die gebied waar dansers saam met ander optree, terwyl die danser alleen dans in gedeelde ruimte.
C Eie ruimte is die danser se persoonlike ruimte, terwyl gedeelde ruimte na die verhoogruimte verwys.
D Eie ruimte is die dansruimte, terwyl gedeelde ruimte die uitvoeringsarea is. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.21 Wat is ‘n danssekwens?

A 'n spesifieke dansbeweging wat in willekeurige volgorde uitgevoer word.
B 'n spesifieke volgorde van dansbewegings wat gerangskik is om 'n volledige dans te vorm.
C 'n spesifieke dansbeweging wat deur verskillende individue uitgevoer word.
D 'n spesifieke dansbeweging wat vir kulturele geleenthede gebruik word. (1)

1.22 Deur die opvoeringsruimte te gebruik, hoe sou jy 'n dansreeks skep?

A vorentoe, agtertoe, hoë of lae vlakke, gebruik alle dele van die verhoog
B versnel of vertraag
C lig en skielik, sterk en volgehou
D verander en verskuif die plek van die beweging (1)

1.23 Hoe kan musikaliteit ‘n invloed hê op die skep van ‘n danssekwens?

A om die aantal dansers wat in die sekwens benodig word, te bepaal
B om komplekse en moeilike bewegingspatrone te skep
C om die tydsberekening en tempo van die beweging met die musiek te koördineer
D om die kostuum en rekwisiete vir die opvoering te kies (1)

1.24 Hoe kan ‘n danser gefokus bly tydens 'n opvoering?

A asemhaling en liggaamsbewegings
B stilstaan en poseer
C foute op die verhoog korrigeer
D die oefen van groot spronge op die verhoog (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.25 Wat is die korrekte beskrywing van positiewe ruimte?

A die ruimte om die danser se lyf
B die ruimte tussen twee dansers
C die ruimte wat deur die danser se liggaam gebruik word
D die ruimte waar die gehoor sit (1)

1.26 Wat is dansimprovisasie?

A ‘n onbeplande of ongeoefende dansuitvoering
B 'n voorafbeplande en geoefende dansuitvoering
C 'n groepoptrede vir 'n gehoor
D 'n dans uitgevoer deur slegs een persoon (1)

1.27 Wat noem ons die vermoë van 'n danser om vrylik op die verhoog te beweeg?

A uitdrukkingsvol
B stemming
C oogfokus
D beweeglikheid (1)

1.28 Wat noem ons dit as almal dieselfde stappe doen, as deel van 'n dans?

A unisoon
B oorgange
C kanon
D herhaling (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.29 Watter van die volgende is die beste begeleiding by die samestelling van 'n dansreeks?

A kostuums en rekwisiete
B 'n gedig, rap, ‘n lied en musiek
C stewels, oorpakke en 'n helm
D struktuur, oorspronklikheid en vertroue (1)

1.30 Wanneer 'n danser lei en die ander volg met dieselfde beweging, of dansers doen dieselfde beweging die een na die ander, word daar verwys na …

A unisoon
B kanon.
C roep en antwoord
D rigting (1)

1.31 Hoe kan 'n danser herhaling in 'n danskomposisie gebruik?

A deur die dansers toe te laat om hul bewegings te improviseer
B deur lang eenvoudige danspassies te skep
C deur 'n dans te skep wat geskik is vir die teikengehoor
D deur dieselfde bewegingsfrase meermale te gebruik (1)

1.32 Watter stelling beskryf stilte in 'n dans die beste?

A 'n deurlopende vinnige beweging in dans wat eindig met 'n stadige beweging
B die gebruik van sagte en stadige bewegings in die middel van 'n dans
C dansers wat hande vashou, wat die einde van 'n opvoering aandui
D 'n pouse of 'n rus of die voltooiing van 'n dansbeweging (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.33 Wat is die korrekte term wat gebruik word om die openingsessie van 'n dans te beskryf?

A middel
B ingang
C begin
D einde (1)

1.34 Wat word dit genoem as 'n danser tydens beweging die middelgedeelte van die liggaam beheer en kontroleer?

A diafragma
B kernstabiliteit
C buigbaarheid
D dyspiere (1)

1.35 Waarom is toewyding aan beweging belangrik in dans?

A Dit help om die liggaam te oefen slegs as dit gerieflik is vir die danser.
B Dit help om minder verskonings te maak om oefensessies oor te slaan as die danser moeg is.
C Dit help om danstegniek, uitvoeringsvaardighede en fisiese gesondheid te verbeter.
D Dit help om een of twee keer per maand na die gimnasium te gaan om ander dansers te ontmoet. (1)

1.36 Wat is 'n inheemse Suid-Afrikaanse dans?

A danspassies en styl wat in Suid-Afrika ontstaan het
B ‘n populêre dans in Suid-Afrika
C 'n spesifieke tradisionele dans wat in Suid -Arabië voorkom
D 'n dans wat in Afrika uitgevoer word as deel van 'n kulturele seremonie (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.37 Watter rigting word as kloksgewys beskou as jy in 'n sirkel beweeg?

A dansers beweeg na links
B dansers beweeg na regs
C dansers beweeg na links en agtertoe
D dansers beweeg na regs en vorentoe (1)

1.38 Hoe kan u 'n gepoleerde dansuitvoering die beste beskryf?

A ‘n dansuitvoering met 'n rowwe en onvoltooide voorkoms
B ‘n dansuitvoering wat eenvoudig is en nie kreatiwiteit het nie
C ‘n dansuitvoering wat morsig en ongeorganiseerd is
D ‘n dansuitvoering wat verfyn en goed ingeoefen is (1)

1.39 Watter opsie gee die beste beskrywing van besinning oor jou eie danservaring?

A oorweging van persoonlike groei en ontwikkeling as danser
B ontleding van die tegniese vaardigheid van ander dansers
C identifiseer van gebreke in 'n mens se danstegniek sowel as ander dansers se gebreke
D die vergelyking van jouself met ander dansers (1)

1.40 Watter stelling beskryf 'n gumboots-dans die beste?

A ‘n dansvorm wat slegs die onderlyfdele en gumboots gebruik
B ‘n dansvorm wat in die Verenigde State ontstaan het en uitgevoer word deur mynwerkers wat gumboots gebruik
C ‘n dansvorm wat gereeld in 'n sittende posisie uitgevoer word en rubberstewels gebruik om ritmes te skep
D 'n Suid-Afrikaanse dansvorm wat met rubberstewels gedans word en wat as ‘n vorm van weerstand in die myne begin het (1)

[40]

AFDELING B

VOORBEELD VRAESTEL

Vraag 2: Gevallestudie

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Die rol van musiek in dans

Musiek is 'n belangrike deel van choreografie. Saam met die beweging en emosies wat die dansers toon, stel musiek die stemming en dien dit as 'n stimulus in dans. Musiek kan ook die stemming van die dansuitvoering verander.

Stadige musiek kan 'n hartseer, swaar bui skep, terwyl vinnige musiek almal gelukkig en opgewonde kan laat voel. Poësie, rap, rekwisiete, prente of beelde kan ook as stimuli dien, aangesien dit 'n reaksie ontlok en mense inspireer om 'n dansreeks te skep.

Musikaliteit is die vermoë van 'n danser om musiek deur beweging te verstaan en daarop kan reageer. Ruimtelike bewustheid help die dansers om bewus te wees van die ruimte wat hulle met ander deel.

Die danser moet 'n danssekwens kan komponeer en choreografeer deur gebruik van komposisiestrukture soos oorgange, begin en einde, herhaling en stilte, ens. Musiek kan die danser ook help om die dansroetine of -sekwens te visualiseer.

Dit is baie belangrik dat dansers ten alle koste probeer om die dansuitvoering interessant te hou en die aandag van die gehoor te behou. Om die dans interessant te hou, kan kontrasterende dinamiek gebruik word. Dit is die kombinasie van twee opponerende vorme van beweging wat gebruik word om 'n bepaalde gevoel in dans te skep.

[Aangepas uit Study and Master Grade 9 Learner's book]

VOORBEELD VRAESTEL

2.1 Verduidelik die term ‘stimulus’ soos dit in die gevallestudie voorkom. (1)

2.2 ‘Musiek is geïdentifiseer as een van die stimuli in dans’.
Vanuit die gevallestudie, noem enige **TWEE** ander stimuli wat vir ‘n dans gebruik kan word, buiten musiek. (2)

2.3 Vanuit die gevallestudie, identifiseer die korrekte konsep wat die beste pas by elk van die volgende beskrywings.

2.3.1 ‘n Danser is in staat om op musiek in ‘n dans te kan reageer. (1)

2.3.2 Om bewus te wees van die liggaam en die ruimte wat jy met ander deel (1)

2.3.3 Die kombinasie van twee teenoorgestelde bewegings wat gebruik word om 'n spesifieke stemming te skep (1)

2.4 Bespeek waar 'n dans kan begin en eindig om dit effektief te maak, as een van die komposisiestrukture. (2)

2.5 Beskryf kortliks in die regte volgorde die beginsel van veilige landing na ‘n lugbeweging. (2)

[10]

VOORBEELD VRAESTEL

Einde van toets

VOORBEELD VRAESTEL